**30 September**

**Skrifgedeelte: Johannes 11:1-16**
**Fokusgedeelte: Johannes 11:4, 5, 14, 15**

## "Glo in Jesus en beleef die LEWE!"

Al het ons net die eerste verse van hierdie sprekende gedeelte gelees, is dit só bekend aan ons dat ons weet dit eindig in die opwekking van Lasarus uit die dood.
Jesus sê dat Lasarus se siekte nie op die dood sal uitloop nie, maar op die openbaring van die wonderlike mag van God ... "sodat die Seun van God daardeur verheerlik kan word." In die nalees en besinning oor hierdie gedeelte ontdek mens telkens dat wat Jesus wil leer, en wat sy dissipels hoor, op verskillende vlakke is. Die dissipels dink aards. Hulle dink horisontaal. Lasarus is dood en hulle wil hê hy moet lewe.
Jesus wil egter hulle gedagtes vleuels gee. Hulle moet nie net vaskyk teen die hier en nou nie. Hulle moet raaksien wat God met hierdie situasie beoog. Dit word veral duidelik as in ag geneem word dat Lasarus alreeds dood was toe Jesus hierdie woorde uitgespreek het. Jesus sê ook dat Hy bly is dat Hy nie daar was nie ... "sodat julle kan glo".
In die oorwinning oor die dood word God se grootheid geopenbaar, sodat Jesus daardeur verheerlik kan word.
Sien ons in ons situasie van elke dag ook die wonderbaarlike mag van God raak?
As ons glo dat God deur Jesus Christus ook ons gedagtes lei om sy Grootheid raak te sien, kan ons elke situasie op ons lewenspad hanteer; kan ek weet dat dit tot my beswil sal wees.

*Sing: Psalm 103:8, 9 (1936)*

*Ds. S Hibbert (Koster)*